GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 26 Januarie 2020

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaarsdae

24 Januarie	Dr JS Swanepoel (Fanie) – GK Bethal
25 Januarie	Ds D van ‘t Zand (Dirk) – GK Witpoortjie
25 Januarie	Mev E de Bruyn (Eunice), eggenote van ds DJ de Bruyn (Dirk) – GK Middelburg (Oos Kaap)
26 Januarie	Mev J Coetzee (Judie), eggenote van ds HS Coetzee (Fanie) – GK Potchefstroom-Die Bult
28 Januarie	Dr C Botha (Chris) – GK Die Kandelaar
28 Januarie	Ds EJ Vogt (Ernest) – GK Vaalwater
28 Januarie	Mev J Smit (Jozelle), eggenote van ds PW Smit (Wouter) – GK Vereeniging
29 Januarie	Prof HG Stoker (Henk) – TSP
29 Januarie	Mev D Kruger (Donette), eggenote van dr JP Kruger (Jaco) – GK Wapadrant
30 Januarie	Mev V van Rooy (Veronica), eggenote van ds HC van Rooy (Charl) – GK Randburg

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaarsdae

26 Januarie	Mev AC Postma (Christina), weduwee van ds D Postma (Dirk) – GK Frankfort
27 Januarie	Mev MM van der Walt (Marthie), eggenote van ds PJ van der Walt (Pieter) – GK Bethlehem
27 Januarie	Ds GJ Ligthelm (Bertie) – GK Olifantshoek
29 Januarie	Mev NJ Fouché (Ina), weduwee van dr DR Fouché (Daan) – GK Potgietersrus-Wes
31 Januarie	Mev MM Mafojane (Martha), eggenote van ds MJ Mafojane (Jacob) – GK Khutsong

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Gelukwense aan
Ds Pieter en Nannie du Plessis, emerituspredikant van GK Thabazimbi, wat hul 61ste huweliksdagherdenking op 17 Januarie 2020 gevier het

Gelukwense aan

Ds Gustav en Ina Opperman, GK Matlabas, en ds Faan en Magda Smit, GK Heidelberg, met die geboorte van hul kleindogter

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Bevestigings

Die bevestiging van **proponent Thinus Kruger**, GK Newcastle, vind plaas op Saterdag 25 Januarie 2020. Die bevestiging sal hanteer word deur ds Christo van Vuuren van GK Hartbeespoort. Ds Kruger lewer sy intreepreek op Sondag 26 Januarie 2020.

Die bevestiging van **proponent Dirk Meijer**, GK Bloemburg, vind plaas op Saterdag 25 Januarie 2020 by GK Bloemfontein-Suid. Die bevestiging sal hanteer word deur sy vader, dr Gerard Meijer van GK Oos Moot. Ds Meijer lewer sy intreepreek op Sondag 26 Januarie 2020 by GK Bloemburg.

Die bevestiging **ds Hennie Briel**, GK Kimberley, vind plaas op Sondag 26 Januarie 2020. Die bevestiging sal hanteer word deur ds Steve van der Walt van GK Kathu/Olifantshoek.



Die bevestiging van **proponent Reinhart Boersema**, GK Vryburg, vind plaas op Saterdag 1 Februarie 2020. Die bevestiging sal hanteer word deur ds Jaco Lemmer, GK Buffeldoorns. Ds Boersema lewer sy intreepreek op Sondag 2 Februarie 2020.

Die bevestiging **ds Ronald Bain**, GK Oranjerivier, vind plaas op Saterdag 1 Februarie 2020. Die bevestiging sal hanteer word deur dr Wikus Buys van GK Innesdal. Ds Bain lewer sy intreepreek op Sondag 2 Februarie 2020.

Emeritering

Ds Garrie Schutte van GK Suidkus emeriteer aan die einde van Januarie 2020. Ds Schutte was predikant van GK Vanderbijlpark-Oos (1998-2001), Krugersdorp-Oos (2001-2009) en GK Suidkus vanaf 2009-2020.

Veranderinge in kontakbesonderhede

GK Bergsig
Attes-skriba: br NG Sarkady. Sel: 072 365 5078. E-pos: gerefbergsigattes@gmail.com

GK Lyttelton
Skriba: br Gerrie van Rooyen. Sel. 076 181 9233. E-pos: virgerrie@gmail.com

GK Potgietersrus-Wes
Skriba: Br Nardus Vosser. Sel. 084 581 2437. E-pos: narvosser@gmail.com
Attes-skriba: Sr Sarie Jooste. Sel. 060 386 4974. E-pos: pietjoen@vodamail.co.za

GK Pretoria-Noord
Dr Malan van Rhyn se e-posadres het verander na malan.vanrhyn@aros.ac.za
Sy selnommer is 082 858 0583. Die landlyn is gekanselleer.

Reël van preekbeurte 2020

Teologiese student Jaco Linde. Sel. 062 552 5492. E-pos: lindejaco@gmail.com

GK Senekal se Afsluitingsfunksie 29 Februarie en 1 Maart 2020 – Uitnodiging

GK Senekal bly nog voorbestaan tot Sondag 1 Maart 2020, wanneer die gemeente van status verander en ‘n wyk van ‘n naburige gemeente sal word. Die onderhandelinge sal DV eers in 2020 gefinaliseer word.

Intussen word alle oudlidmate en -predikante en belangstellendes hartlik uitgenooi na die gemeente se afsluitingsfunksie in die kerkgebou en -saal, wat die nuwe eienaar goedgunstiglik beskikbaar stel.

Voorlopig word ‘n Voorbereidingsdiens om 16:00 op Saterdag 29 Februarie beplan met ‘n skaapbraai daarna. Op Sondag 1 Maart om 09:00 word Nagmaal gevier, met direk daarna die Dankseggingsdiens. Die naweek word afgesluit met ‘n middagete.

Belangstellendes moet hul name, vanne, getal mense, watter dae hulle wil deel neem aan die program, wanneer hulle deel van die gemeente was, watter verbintenis hulle met die gemeente gehad het en dalk ‘n interessante herinnering whatsapp aan Bertha Duvenhage by 080 375 9471, Hettie Barrett 083 500 7669 of ds. Arie Stavast by 082 782 8969.

Eeufeesvieringe Gereformeerde Kerk Bethlehem
Vrydag, 24 April tot Sondag, 26 April 2020

Alle oud-lidmate word hartlik uitgenooi na die Eeufeesvieringe van die GK Bethlehem.

Die fees begin op Vrydag, 24 April 2020 met ‘n gesellige kuier en skaapspitbraai. Ons kuier vanaf 17:00 op die kerkterrein en om 18:00 is die amptelike opening. Saterdag, 25 April 2020 is ons feesete in Bethlehem Voortrekker Hoërskool se Malan saal. ‘n Kort feesprogram sal aangebied word. Verrigtinge begin om 18:30 en opening is om 19:00.

Op Sondag, 26 April 2020 is die Feesdiens om 09:00, gehou deur prof Sarel van der Walt van die Teologiese Skool en seun van ons gemeente. Na die diens word tee en verversings in die saal bedien.

Ons Feesblad sal benewens foto’s ook groeteboodskappe en ‘n kort geskiedenisoorsig bevat, met ‘n beraamde koste van R150.00.

Skakel vir At Kruger by 082 785 2000 of stuur ‘n e-pos aan atkr@vodamail.co.za om jou teenwoordigheid te bevestig en verdere reëlings te ontvang.

PROPONENTE BEROEPBAAR GESTEL

Proponent R Steyn (Ruan)
Sel: 072 818 4439
E-pos: steyn.ruan1@gmail.com

Ruan en Zonika

Proponent J van Schaik (Hanno)
Sel: 072 105 3961
E-pos: hanno1463@gmail.com

Hanno en Lizaní

Proponent GJ Venter (Jonker)
Sel: 082 566 3216
E-pos: venterjonker@gmail.com

Jonker en Erika met Alexander en Clarinda

Proponent P Mkupa (Phumlani)
Sel: 078 335 8753
E-pos: phumlanimkupa88@gmail.com

Beroepbaarstelling van ds MJ Nkili ingevolge KO, art 11
Ds MJ Nkili (Jafta)
Sel: 086 636 8212 / 076 489 8601
E-pos: nkilijafta@gmail.com

Beroepbaarstelling is geldig tot 31 Augustus 2020

AFRIKAANSE OUDIOBYBEL

1933/1953-VERTALING

Nuut op USB

PRODUKKENMERKE

- Volledige Bybel
- MP3-format op geheuestokkie
- Enkelstemopname (nie gedramatiseer)
- Hierdie Bybel is waarlik vir almal, siggestremdes sowel as siende luisteraars

R209.00

ISBN: 978-0-7982-2325-6

AFRIKAANSE OUDIOBYBEL

1983-VERTALING

Nuut op USB

PRODUKKENMERKE

- Volledige Bybel
- MP3-format op geheuestokkie
- Enkelstemopname (nie gedramatiseer)
- Hierdie Bybel is waarlik vir almal, siggestremdes sowel as siende luisteraars

R209.00

ISBN: 978-0-7982-2326-3

OM TE BESTEL
Kontak Francina van Vuuren vir ‘n kwotasie
e-pos: vanvuuren@biblesociety.co.za

bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika

FONDSINSAMELINGS / FUNKSIES / FEESVIERINGE

Maart 2020

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Betoon hartlike broederliefde
teenoor mekaar;
bewys eerbied teenoor mekaar
en wees mekaar daarin tot voorbeeld.
Romeine 12:10